

Bron: *In die Skriflig* (Tydskrif van die Gereformeerde Teologiese Vereniging), Jaargang 5 en 6, nrs.20-22, 1971-1972. Redaksioneel versorg deur S. Le Cornu, met dank aan Willem Swanepoel wat dit verwerk het in die huidige vorm.

DIE OPENBARING VAN JOHANNES ¹

Die versoek is om voordragte te gee oor die boek Openbaring. Dit is 'n heel groot bestelling en groot saak om af te handel in enkele lesings. Daarom bring ek dit in die vorm van konsentriese sirkels; en omdat dit dan drie lesings moet wees, doen ek dit in drie konsentriese lesings:

1. Die plek van die boek Openbaring in die geskiedenis van die openbaring.
2. Die boek Openbaring self — die struktuur daarvan.
3. Die boek Openbaring besien vanuit die sentrum.

(Onderstaande is die eerste van hierdie drie lesings).

1. Die plek van die boek Openbaring in die geskiedenis van die Nieu-Testamentiese Openbaring

Ons lees in Openb. 1:1, "die openbaring van Jesus Christus..." Ons kan die uitdrukking grammaties op twee maniere verstaan:

i. Die openbaring wat Jesus Christus gee. Dit is wat ons in die boek Openbaring het. Hier het ons openbaring wat Jesus Christus gee; en wat Jesus Christus openbaar is die dinge wat gou gaan gebeur. M.a.w. die boek Openbaring bring ons by die openbaring van die geskiedenis. In hierdie laaste boek van die Bybel kom die geskiedenis van die Openbaring eintlik tot afsluiting in 'n openbaring aangaande die geskiedenis. Dit is openbaring wat Jesus gee aan-gaande die dinge wat moet gebeur; dit is openbaring, insig in ons hele geskiedenis.

ii. Openbaring van Jesus Christus kan ook sien op iets wat met Jesus Christus gebeur, naamlik dat *Hy* tot openbaring kom. Ook in hierdie sin word in die N.T. van die openbaring van Jesus Christus gespreek, vgl. Gal. 1:12, 16; 1 Kor. 1:7; 2 Thess. 1:7; 1 Petr. 1:7, 13; Kol. 3:4; soos daar ook sprake is van die openbaring van die kinders Gods, vgl. Kol. 3:4; Rom. 8:19. Dit sien dan veral op sy *wederkoms*, wanneer *Hy* in sy heerlijkheid geopenbaar sal word, 1 Petr. 4:13, en as sodanig is die openbaring van Jesus Christus die afsluiting van die openbaringsgeskiedenis; In die boek Openbaring kom die geskiedenis van die openbaring dan tot afsluiting met die openbaring van die heerlijkheid van Christus wat eers verborge was, en slegs enkele kere deurgebreek het in die geskiedenis.

Nou, op die oomblik, is die heerlijkheid van Christus verborge in die hemel. In die boek Openbaring sien ons die hemel oopgaan, en die openbaring van Jesus in sy volle heerlijkheid.

Met die openbaring van Jesus Christus kom ook die kinders van God in hulle heerlijkheid, en die koninkryk van God wat nou net in die verborgene aanwesig is op aarde, tot volle openbaring.

Dit is 'n kort samevatting van die geskiedenis van die Openbaring met die plek van die Boek Openbaring daarin waarop ons nou nader ingaan. Ons bepaal ons nou by die

¹ Voordragte gelewer voor die G.T.V. van Pretoria deur prof. W. J. Snyman, op 26 en 27 Julie 1970. Die drie voordragte is op hand opgeneem en word in geredigeerde vorm in drie uitgawes van „In die Skriflig” aangebied. Die leser moet hom dus verplaas in die gehoorsaam. — P.W.B. Byvoeging: prof. Snyman was professor in NT by die Teologiese Skool in Potchefstroom, 1946-1970. Hy is oorlede in 1981.

geskiedenis van die openbaring in die Nuwe Testament.

Die heel eerste openbaring in die N.T.

Johannes die Doper is die groot en magtige figuur by die oor-gang tussen die Ou en Nuwe Testament. In baie opsigte is hy onbelynd, ook al omdat ons hom sien soos hy self gesê het, soos die môrester wat verdwyn agter die opkomende Son, Jesus Christus. Maar hy is 'n groot figuur. Hy is die grootste, sê Jesus, van alle mense. Hy is die grootste man in die ganse geskiedenis. Hy staan by die oorgang van die Ou-Testamentiese tot die Nieu-Testamentiese Openbaring; aan die drumpel van die nuwe tyd.

En so beheers hy ook die geskiedenis van die openbaring. En die geskiedenis van die openbaring is so dat dit saamgetrek word in een *kern*, om van hieruit te ontplooi. Ons kry telkens sulke samevattinge of hoogtepunte vanwaar ons die geheel oorsien, byvoorbeeld by Paulus, o.a. Fil. 2:6—11; 1 Tim. 1:9, 10; 3:16; en in Openbaring bv. Openb. 12. So het ons hier aan die begin van die geskiedenis van die N.T. openbaring 'n samevatting van die hele N.T. openbaring. Dit is in die prediking van Johannes die Doper: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom", Matt. 4:17; Markus 1:15. Dit loop deur die N.T., vgl. Openb. 14:6, 7. Dit beheers ook die hele geskiedenis tot aan die einde van die dae.

Wat is die koninkryk van die hemele? Johannes maak dit duidelik in 'n enkele woord. Die koms van die koninkryk is die koms van Christus. Dit sê hy: Na my kom die Een wat julle kom doop met die *Heilige Gees* en met *vuur* — daar het u die koninkryk van God. Die koms is dus: Jesus Christus wat kom doop met die Heilige Gees en met vuur. Dis die hele geskiedenis van die N.T. Openbaring saamgevat.

Baie Skrifverklaarders neem dit so dat die doop met die Heilige Gees en met vuur een saak is. Ja, dit is *een saak*, maar dit val uit-een in *twee* groot gebeurtenisse:

Die doop met die Heilige Gees het plaasgevind met Pinkster; en dan sien Petrus die doop met die Heilige Gees meteen as die *vuurdoop*, want hy verkondig dit as die vervulling van die profesie van Joël aangaande vuur en rookdamp en oorlog — die einde van die bedeling.

Pinkster is die begin van die einde. Pinkster is 'n groot fees — dis die fees aangaande die *koms* van die koninkryk. Vanaf Pinkster-dag is hier onder al die koninkryke van die wêreld ook aanwesig 'n koninkryk van God — dit het werklikheid geword met Pinksterdag, met die wederkoms van Jesus Christus in die perspektief.

Dus, in die enkele woorde van Johannes die Doper is saamgevat die hele geskiedenis van die openbaring.

Ons deel die N.T. openbaringsgeskiedenis in twee. Pinkster moet gesien word as die sentrale indelingspunt, sodat die geskiedenis van die N.T. openbaring uiteenval in twee dele, naamlik: die koms van die koninkryk van God soos ons dit sien (1) voor Pinkster en (2) na Pinkster.

(1) Voor Pinkster

Al die gebeurtenisse van die *geboorte* van Christus af tot met Pinkster moet ons in samehang sien as die *koms van die koninkryk van God*.

Voor Pinkster is die indeling nie net die *openbare* optrede en *verkondiging* deur Jesus nie. Ons sluit aan by Joh. 1:1. Hy het nie alleen die Woord gebring nie — Hy *was* die Woord. Die openbaring in Jesus Christus bestaan in sy prediking, verkondiging, sy wonder-werke. Maar dit gaan nie alleen oor sy *woorde* en *dade* nie, maar ook oor wat met Hom *gebeur*. Daarom begin ons die geskiedenis van die N.T. openbaring waarin dit gaan oor die koms van die koninkryk met die *geboorte* — dit is reeds die koms van die koninkryk van God op aarde. Reeds hier het God Hom openbaar. Hy openbaar Hom in

die koms van sy koninkryk.

'n Enkele voorbeeld uit die geboortegeskiedenis om aan te toon wat bedoel word met geskiedenis van openbaring, is die vlug na Egipte. Die openbaring om te vlug na Egipte, het tot Josef gekom in die vorm van 'n droom. Nou kan 'n mens sê die Godsopenbaring is iets inwendigs en dit was maar 'n droom. Maar dink daaraan dat Josef daardie nag die Kindjie geneem het op grond van daardie godsopenbaring in die droom en met Hom gevlug het. Dis geskiedenis! Die openbaring het geskiedenis gemaak. M.a.w. God maak 'n besondere geskiedenis deur in te gryp in die gewone gang van die geskiedenis, en bepaal op 'n besondere wyse die loop van die geskiedenis. Daarom: geskiedenis van die Godsopenbaring.

Is dit nie maar gedagtes wat in Josef opgekom het nie? Sou Josef met die Kindjie van wie hy weet dat dit die Seun van God is, gevlug het? Sou dit by Josef opgekom het dat die eerste ding wat hy moet doen met die Kindjie is om te vlug, en van alle lande na *Egipte?! Dit druis in teen alle menslike gedagtes. Dis so onsielkundig as maar moontlik. Dit gaan in teen die gewone gang van die geskiedenis.*

So maak die Godsopenbaring geskiedenis. Daardie vlug — dit is iets wat met Jesus gebeur het — word 'n stuk van die wêreld-geskiedenis. En in dit wat met Jesus gebeur het, openbaar God Hom, en wel in sy troue Vadersorg; en in sy alwetendheid (hoe Hy die hart van Herodes ken). So was dit met die koms van die koninkryk — 'n krip, 'n vlugtende Koning, Egipte, vernedering en verhoging. So het God Hom geopenbaar in die koms van die koninkryk.

'n *Tweede onderdeel* van die geskiedenis van die openbaring voor Pinkster bestaan in die prediking van die koninkryk deur Jesus Christus. Die hele N.T. openbaring *begin* met die prediking van die koninkryk. As Jesus optree en met sy prediking begin dan is dit dieselfde prediking as die van Johannes die Doper: "Bekeer julle, want die koninkryk is naby", naamlik oor die nabyheid van die koninkryk. Sy prediking gaan verder oor die geregtigheid van die koninkryk — hoe die koninkryk wesenlik is (die *Bergrede*).

Derdens gaan dit oor die verborgenheid van die koninkryk, veral die tweërlei koms (*gelykenisse*).

Sinds *Cesarea Filippi* kom daar 'n groot verandering, naamlik wat met Christus sal gebeur. Van toe af het Jesus vir hulle getoon dat Hy baie sal moet ly, dat Hy moet sterf, dat Hy sal opstaan en verheerlik word (Matt. 16:21). Na die belydenis (dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God) word die prediking van Christus *lydensprediking*. En dit is niks anders as die koms van die koninkryk in die dood en die opstanding en die verheerliking van Christus aan die regterhand van die Vader. En wat dan daarop volg: die uitstorting van die Heilige Gees, die koms van die koninkryk hier op die aarde.

"Lydensprediking" is 'n verkeerde term — Jesus het van die begin af sy verheerliking verbind aan die lyde. In die eerste deel van die N.T. openbaring, voor sy openbare optrede, is Jesus self *passief*. Die Godsopenbaring word gegee in wat met Jesus gebeur; daarna tree Hy *aktief* op, en in die lydensgeskiedenis vloei die passiwiteit en die aktiwiteit saam.

Lyde (passie) is nie blote passiwiteit nie, maar self die hoogste aktiwiteit. Aan die kruis sien ons Hom ook as die Hoëpriester wat offer en terselfdertyd as die Lam wat geoffer word — die Offeraar en die Offerande (Hebr. 9:26). Passiwiteit en aktiwiteit vloei dus saam aan die kruis. Daar word ook groot werk, die groot heil, volbring — dit is volbring! Sy dood is 'n geweldige *daad*. Dit is die vernietiging van die mag van die duisternis. En die wonderlike en heerlike van die Godsopenbaring — en dit word net in Jesus Christus geopenbaar — is dat die dood nie die *einde* is van die aktiwiteit nie, maar die eintlike *begin* van sy koninklike aktiwiteit, want na sy dood is dit opstanding, hemelvaart, en dan gaan Christus sit aan die regterhand van die Vader om alles te

regeer — "aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde" (Matt. 28:18).

Die dood is nie alleen 'n daad van vernietiging van die mag van die duisternis nie; sy dood is meteen die begin van sy groot aktiwiteit aan die regterhand van sy Vader en in sy koninklike heerlikheid. Daarom volg op die Evangelies die boek *Handelinge*. Dit is die Handeling van Christus. Met sy verheffing aan die regterhand van die Vader, vervul Hy die belofte en word die Heilige Gees uitgestort. As die versoeningswerk volbring is, as Hy met sy soenbloed in die hemelse heiligdom ingaan dan gaan die heiligdom oop en word die Heilige Gees op aarde uitgestort. En vanaf daardie datum is die koninkryk van God op aarde, hoewel ons Koning sit in die hemele der hemele — nie sigbaar vir die menslike oog nie, maar Hy sit aan die regterhand van die Vader, in sy heerlikheid, onse Koning.

Sy koninkryk het dus gekom, en is nou op die aarde aanwesig, en het gekom om te bly. Onder die koninkryke van die wêreld is ook die koninkryk van God aanwesig en bestem om die aardryk te vervul (Openb. 6:11, 15).

(2) Na Pinkster

Die boek *Handelinge* beskryf die uitbreiding van die koninkryk. Hoe word die koninkryk uitgebrei? Die koninkryk word uitgebrei deur die *prediking* van die koninkryk. Maar nou het die prediking van die koninkryk — daarop was ons voorberei deur die verandering wat daar gekom het in die prediking van Christus — 'n prediking geword van Christus se geboorte, sy vernedering, sy dood, sy opstanding, sy verheerliking. En dit word gevolg met 'n beroep (soos Johannes die Doper): "bekeer julle, want die koninkryk is naby". Maar nou: die koninkryk het gekom, wat julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring het, het God opgewek en verheerlik; en nou word die wederkoms verwag, en met die oog daarop: bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus tot vergewing van sondes en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang (Hand. 2:23, 24, 37, 38).

So brei die koninkryk uit in Jerusalem deur Petrus se prediking. So ook deur die prediking van Paulus — vgl. sy treffende rede op die Areopagus in die ontwikkelde heidenwêreld waar Paulus wesenlik dieselfde preek as wat Petrus in Jerusalem preek. "God het dan die tye van onkunde oorgesien, en verkondig nou aan alle mense oral dat hulle hulle moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek" (Hand. 17:30, 31). Daar is genade vir elkeen wat in Hom glo.

Dit is die evangelie wat Petrus in Jerusalem gepreek het, Paulus in Athene, en wat op ons sendingveld gepreek moet word.

Die wonder is nou dat daar vir die Jode ook genade is. Dit is kragtens die verbond (Hand. 2:39), waarby al die nasies ingesluit is (Hand. 3:25; 10:35; 11:18), wat net soos die Jode daarby betrokke is dat Christus die Seun van God wat hier na die aarde gekom het, gekruisig en verwerp is (Hand. 4:25, 26), maar dat God Hom opgewek het, en dat Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode. En daar is genade vir elkeen wat in Hom glo (Hand. 10:34, 35). Dit is die hele evangelie van die koninkryk.

Briewe van Paulus

Dis soms ingewikkelde briewe. Dis nie altyd maklik om die *verbond* goed te sien nie. Die Bybel is enersyds eenvoudig en duidelik — 'n kind kan dit verstaan, maar ook so diep.

Waarin trek Paulus se briewe saam? Wat is die een groot gedagte wat alles saambind?

Daar is drie lyne wat deurloop en alles saambind:

i. Die een lyn wat deurgaan is net die eenvoudige waarheid:

Jesus is die Christus, met die besondere aksent: Jesus is *waarlik* die Christus. Dit

gaan soos 'n verrassing, 'n jubeltoon deur die briewe. Waarom? Omdat Paulus eers ontken het, met al wat in hom is dat Jesus die Christus is, m.a.w. dat die koninkryk gekom het — dit wat die Jode vandag nog nie glo nie. En Paulus het tot ontnugtering gekom met die verskyning van die lewende Jesus aan hom op die pad na Damaskus. Dit is die grondtoon en die jubel waaromheen al die briewe gaan; en dit maak sy briewe tot evangelie, blye boodskap — dis nie maar leerstellige, dorre uiteensettings nie.

ii. Dat Christus waarlik die Seun van God is, wat na die aarde gekom het, dat Hy moes ly, dat Hy moes sterf, dat Hy moes opstaan om verheerlik te word. Dit is dieselfde as die prediking in Handeling, naamlik dat die koninkryk gekom het (veral in wat met Jesus gebeur het), en sal kom (in wat sal gebeur met sy wederkoms).

iii. Die uitbouing, ontvouing van die koninkryk. Hier is twee gedagtes — 'n tweelinggedagte!

1. Ons in Christus.
2. Christus in ons.

1. Ons in Christus

Waarom moes Christus ly en sterf? Nou gaan Paulus in op die feite — die *betekenis* van die feite aangaande Jesus Christus.

Waarom? Hy moes sterf en opstaan en verheerlik word om ons te verlos, om die koninkryk te laat kom.

Hoe word ons nou verlos deur die dood en opstanding van Jesus Christus? Hier het ons een van die diepste misteries wat Paulus vir ons veral uiteensit. Hoe is ons verlos daardeur dat Christus moes sterf en opstaan?

Paulus se antwoord is: toe Christus gesterf het, het ons saam met Hom gesterf; en dat toe Christus opgestaan het, ons saam met Hom opgestaan het; en toe Christus verheerlik is, is ons saam met Hom verheerlik; en as Christus kom in heerlijkheid, sal ons met Hom saam in sy heerlijkheid openbaar word.

Dit is die wonderlike weg van die koms van die koninkryk. Dis die wonderlike weg van Christus: ons begrepenheid in Christus, omdat Hy nie maar net 'n gewone mens was nie, omdat Hy die Seun van God was, omdat Hy die tweede Adam was. Dit is die groot waarheid wat Paulus ontvou in sy briewe — ons in Christus.

2. Christus in ons

Dit het 'n waarheid geword: sinds Pinkster woon Christus in die harte van sy gelowiges waarvoor Calvyn dit so pragtig stel: Waar is die setel van Christus? (Calvyn het dit veral gehad teen die Rooms-Katolieke Kerk). Calvyn sê: die setel van Christus, die sedes Christi, is in die hart van die gelowiges (Ef. 3:17). Waar is die koninkryk van God? Sedert Pinkster in ons *harte*: "ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my" (Gal. 2:20) — geheel deur Christus beheers. Dit is die koninkryk van God, vgl. Hom. 14:7–12.

So het die koninkryk van God gekom, en regeer Christus hier op aarde en sy troon is aan die regterhand van die Vader en in die hart van die gelowiges. Die werklikheid van die koninkryk is nou dat Christus gekom het en by ons woon, vgl. Jes. 57:15.

Soos dit gekom het sinds Pinkster so *ontvou* Paulus dit. Dit is die gedagtes wat in Paulus se briewe saamgevat is.

Die Algemene Sendbriewe

('n Verdere ontvouing van die koninkryk).

Wat is die besondere plek van hierdie briewe? Paulus se briewe was aan afsonderlike gemeentes — besondere omstandighede en vraagstukke.

Die Algemene Sendbriewe het te doen met universele vraagstukke en aspekte van die

koninkryk. Dis vir die hele kerk geskrywe.

Samevatting van die algemene sendbriewe: dit handel oor die verborgenheid van die koninkryk — nie *van* die wêreld nie, maar *in* die wêreld.

Daar is tweërlei bedreiging van die koninkryk deur die eeue:

i. om die koninkryk van God in te trek in hierdie wêreld, en in die wêreldgeskiedenis — *integrasië* van die koninkryk;

ii. dat die koninkryk van God losgemaak word van die geskiedenis — *isolering* van die koninkryk.

Teen die eerste gevaar moet ons die brief *Hebreërs* gerig sien. Dit gaan teen die gevaar van die intrekking van "die N.T. bedeling in die O.T. bedeling, waar alles so sigbaar en luisterryk was, terwyl met die oorgang na die N.T. bedeling alle seremonies en alle uiterlike heerlikheid verdwyn. Mens hang maar altyd oor na die seremonies en na wat imponeer. Ons sien dit in die kerkgeskiedenis en die neiging om die ou-kerklike vorm van die O.T. weer in te bring in die kerk (Priester, offer), net soos ook die neiging bestaan om die N.T. openbaring in te trek in die mitologiese voorstelling van daardie tyd se heidendom. Dis die nuwe wyn in ou leersakke. Daarmee word die werklikheid van die koms van die koninkryk misken.

Die brief van *Jakobus*. Daar gaan dit ook om 'n intrekking van die koninkryk in hierdie wêreld, 'n Manier om dit te doen is om Christus met die mond te bely maar met jou lewe gewoon aan te gaan. Dit was die sonde van die laat-Jodendom — "Here, Here" geroep, Maar nie elkeen wat "Here, Here" sê sal in die koninkryk ingaan nie. Jakobus, die broer van die Here sluit nou aan by die Bergrede.

Net soos daar 'n Fariseïstiese *Jodendom* is, sê die brief van Jakobus, so is daar ook 'n Fariseïstiese *Christendom*. Fariseïsme is nie dood nie. Daarvoor gebruik Jakobus die beeld van 'n fontein van soet- en bitterwater. 'n Fontein bring nie twee soorte water na vore nie, maar hierdie gespletenheid van gees vertoon die mens: met dieselfde mond seën jy en vervloek jy (Jak. 2:9—12). Jakobus lê nadruk op die enige van die geloof en sluit hier nou aan by die gelykenisse van Jesus, veral die gelykenis van die saad — die ingeplante Woord, vgl. Jak. 1:18—23.

1 Petrus

Grondgedagte: die koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. Wat is die koninkryk van God in hierdie wêreld? Dit is 'n inplanting van 'n nuwe lewe, van die wedergebore lewe (1 Petr. 1:3, vgl. Joh. 1:21). Die koninkryk wat ingeplant is in hierdie wêreld, word verwerp soos die siek liggaam 'n gesonde orgaan wat oorgeplant is, verwerp. 'n Siek en sterwende wêreld verwerp die koninkryk.

Daarom gaan dit in 1 Petrus — die *verworpe* steen. Dis nie God wat die wêreld verwerp het nie, dis nie Christus wat sy volk verwerp het nie — dis die wêreld wat God verwerp het, en dit is die volk wat die Christus verwerp het. Dit leer die geskiedenis vir ons.

So kom daar ook 'n kerk — 'n kerk is daar deur verwerping.

Dis omdat die wêreld die Evangelie nie aanneem nie; omdat almal nie Christus aanneem nie. Daarom praat Petrus van die verworpe steen; en: "laat julle bou as lewende stene" op die "verworpe steen". So word 'n kerk gebou — 'n koninkryk wat nie *van* hierdie wêreld is nie, maar *in* die wêreld is, maar wat die wêreld verwerp omdat hy van God afvallig geword het (1 Petr. 2:1—10).

By 2 *Petrus* en *Judas* kry ons die volle openbaring van die sonde wat tot rypheid gekom het. Die geskiedenis van die openbaring is ook geskiedenis van die sonde, verborgenheid van die sonde (soos in die verborgenheid van die koninkryk) en die werkinge daarvan.

Judas en 2 Petrus toon die toppunt — dit is wanneer die sonde hom klee in die kleed

van die genade; wanneer die genade 'n middel word om ons in ons sonde te bevorder. Soos Judas dit sê: om van die genade wetteloosheid te maak en dit te verander in ongebondenheid. Die twee soorte water van Jakobus het nou waterlose fonteine geword, miswolke (2 Petr. 2:17).

Dit bring ons by die anti-christendom; dit is die valse christus in die gedaante van die evangelie en in die gedaante van die christendom.

Die briewe van Johannes

Hier gaan dit teen die skeiding van die geskiedenis (die wêreld) en die koninkryk. Daarom lê Johannes so geweldig nadruk op die werklikheid van die vleeswording (1 Joh. 4:2, 3; 2 Joh. 1:7); op die werklikheid van die versoening (1 Joh. 1:7; 2:2; 4:16), en op die historiese werklikheid van die opstanding — "wat ons met ons oë gesien het, met ons ore gehoor het en met ons hande getas het, dit verkondig ons vir julle aangaande die Woord van die lewe" (1 Joh. 1:1—4).

Want maak ons die openbaring los van die geskiedenis en word die werklikheid en die vleeswording en opstanding geloën, dan is die liefde van God nie werklikheid nie (1 Joh. 4:9). Dit is die werklikheid van die liefde van God dat Hy sy Seun gegee het, en dat dit sy Seun is wat gely het en gesterf het in die menslike natuur, en vir ons die ewige straf gedra en oorwin het, en wat weer sal kom om die lewende en dode te oordeel.

Johannes is die apostel van die liefde. Hy lê nadruk op die liefde, die broederliefde. Hier is die wortel daarvan. Die liefde van God vir ons (1 Joh. 4:10, 11).

Dis die twee lyne van die anti-christendom. Die anti-chris is diegene wat loën dat Christus werklik in die vlees gekom het, en wat die werklikheid van die koninkryk van God in die geskiedenis se realisering ontken.

Hierdie lyne bring ons en laat ons sien die besondere plek van die boek Openbaring wat hierdie laaste botsing, laaste teen-stelling beskrywe met die oog op die wederkoms van Christus.

Iets oor: Integrasie Christendom (Teologie)

Die Bybel waarsku ons teen die *intrekking* van die koninkryk van God in die geskiedenis. Integrasie beteken die vernietiging van identiteit. Dit word toegepas op die koninkryk en op Christus. Dis 'n integrasie-christendom. Christus se identiteit het met sy dood verdwyn — Jesus het maar net opgestaan in die geloof en in 'n nuwe mensheid wat deur Hom ontstaan.

Daarteenoor lê die Bybel alle nadruk op die *identiteit*; die identiteit van Christus wat deur die dood nie vernietig is nie, want die Here Jesus sê na die opstanding "ego autos", dit is Ek, dit is Ekself (Luk. 24:39). Dit is die verskrikking vir die wêreld wat sy hande aan Christus geslaan het dat Hy opgestaan het uit die dode en dat Hy gesê het: "dit is Ekself". Die Bybel leer: geen identiteitsvernietiging nie — selfs nie vir die ongelowige nie (Openb. 6:12—17, vgl. 2 Kor. 5:10). Dit is die betekenis van die geloof in die opstanding uit die dode. Val die opstanding en wederkoms weg dan is ook die fundamente onder hierdie hele lewe, ook die sedelike lewe, weg.

Waaragtige verantwoordelikheid bestaan alleen wanneer daar identiteitsbehoud is, en dat elke individu sy rekenskap sal gee, en gestel sal word voor God en sy Gesalfde. Maar die Regter wat sal kom om te oordeel is ook die Lam van God, en so roep die Skrif ons ook altyd tot die genade in die bloed van die Lam wat ons reinig van al ons sondes (Openb. 5:5, 6).

DIE OPENBARING VAN JOHANNES ²

DIE BOEK OPENBARING SELF – DIE STRUKTUUR DAARVAN

1. Inleidende opmerking

Die boek Openbaring is moeilik om te verstaan — daar is so baie simboliek. Die gevaar is groot dat ons alles *simbolies* gaan verklaar, en die boek Openbaring gaan sien as 'n simboliese voor-stelling van die deurwerking van die eerste koms, dat daar eintlik maar net een koms is van die koninkryk — naamlik die eerste koms van Christus.

Die opstanding van Christus is dan dat Hy opstaan in die gelowige en in die toekomstige nuwe mensheid. Hierdie beskouing van die ewolusionisme integreer die koninkryk in die geskiedenis.

Andersyds kan die historiese en bo-historiese *geskei* word, en die koms van die koninkryk dan gesien word as die inslaan van die ewige in die tydelike; dat die net een kontak tussen die ewige en tydelike die *persoonlike individuele beleving is*; dat daar nie iets plaasvind in die geskiedenis nie en dat die verlede en toekoms van die koninkryk saamtrek in die hede.

Die koninkryk van God word losgemaak van die geskiedenis; dis maar net 'n eksistensiële beleving; alle nadruk val op die *hier* en *nou*.

By die *evolusionistiese beskouing* is die *hede* eintlik niks nie — die hede is maar 'n *oorgang* van die verlede na die toekoms.

Die *eksistensialisme* lê weer alle nadruk op die *hede* — toekoms en verlede word saamgetrek in die hede.

Vanweë hierdie verklarings van die simboliek is dit so nodig om die lyn van die *wederkoms* deur die hele Nuwe Testament vas te hou.

Die beginsel dan vir die benadering van die Openbaringboek is om van dit wat duidelik is te kom tot dit wat minder duidelik is — Skrif met Skrif verklaar. 'n Mens moet die boek Openbaring benader vanuit die *geskiedenis* van die Openbaring.

2. Die Nieu-Testamentiese openbaring ten opsigte van die lyn van die wederkoms heg dwarsdeur die N.T. daaraan 'n historiese betekenis

i) *Johannes die Doper*: Christus wat sal kom om te doop met die Heilige Gees en met vuur. *Heilige Gees (doop)* — geskied met Pinkster. *Doop met vuur* — dis die voltrekking van die gerig aan die einde met die wederkoms van Christus.

ii) *Die gelykenisse* waar juis die verborgenheid van die koninkryk bestaan in die tweeërlei koms: die eerste koms in nederigheid; die tweede koms in heerlikheid.

iii) *Die profetiese rede van Jesus*, waar die wederkoms baie duidelik gestel word as 'n klaarblyklike gebeurtenis in die geskiedenis wat vir homself sal spreek en vergelyk word met die weerlig. iv) *Die Evangelie van Johannes* word gewoonlik gebruik vir die *vergeesteliking* van die tweede koms; die oordeel vind in, gedurende die geskiedenis plaas; die ewige lewe is iets wat ons hier ontvang. Jesus sê natuurlik dat sy Vader die dode opwek en lewend maak en Hy pas dit inderdaad op die *geestelike* lewendmaking toe as iets wat *nou* gebeur. *Maar* dan laat Jesus onmiddellik daarop volg: "daar kom 'n uur wanneer almal in die grafte sy stem sal hoor" — Joh. 5:25 — en dan spreek Hy van die opstanding van die lewe en die van die veroordeling.

Die lyn van die eerste en tweede koms loop dwarsdeur die briewe van Paulus.

Romeine 14: Ons lewe is Christus, ons sterwe is Christus, maar ons sal nog almal moet staan voor die regterstoel van Christus wat sal kom om die dode en lewende te

² Tweede voordrag gelewer voor die G.T.V. van Pretoria deur prof. W. J. Snyman op 26 en 27 Julie 1970. Die drie voordragte is op band opgeneem en word in geredigeerde vorm in drie uitgawes van "In die Skriflig" aangebied. Die leser moet hom dus verplaas in die gehoorsaal. — P. W. Bingle.

oordeel.

1 Korinthe 15: Die Eersteling, Christus wat opgewek is; die wat aan Christus behoort by sy koms.

Kolossense 3:4 spreek van die openbaring van Christus. Hy sal geopenbaar word en ons sal ook saam met Hom aan die einde van die dae geopenbaar word.

1 Thess. 4:16: "die Here self sal van die hemel neerdaal..." "Echo eimi" — bewaar die identiteit van Christus wat deur sy dood nie vernietig is nie; "kyk my hande en my voete" — sy liggaamlike identiteit (vgl. ook Lukas 24:39). Die apostel, sê die Here sal self so van die hemel neerdaal.

Wanneer die opstanding *vergeestelik* word, word Christus *geïntegreer* en sy identiteit gaan op in die nuwe mensheid. Die Bybel leer dat die identiteit van Christus nie verdwyn het nie; die *behoud* van identiteit van elke mens; die identiteit van 'n mens is onvernietigbaar. Die eintlike identiteit wat behou word, is die individuele, die persoonlike. Dit lei na die konklusie dat volkere en nasies sal bly bestaan op die nuwe aarde; volkere en nasies word gered in hulle gelowiges, kyk Openbaring 11:9 — *Mense* uit die volke en stamme en tale en nasies beskryf die ongelowiges. (Kyk ook 2 Thess. en 1 Petrus).

Die Nuwe Testament, hou konsekwent, ook buite Openbaring, aan die wederkoms vas as 'n eindgebeurtenis. Die lyn ook in Openbaring mag nie vergeestelik word nie.

By die *sesde seël* kry ons 'n duidelike uitspraak van die wederkoms — die konings van die aarde, grotes en rykes wat sal roep "berge val op ons, heuwels bedek ons" — Openb. 6:16.

Openb. 11:15 by die blaas van die *sewende basuin*: "die koninkryk van die *wêreld* het sy eiendom geword". Wat Jesus op die berg van versoeking van die hand gewys het — die koninkryk van die *wêreld* — word nou werklik sy eiendom, en Hy word Koning oor die ganse aarde.

Openb. 14:14, 20 het duidelik te doen met die oordeel. Die doop met die vuur van Johannes die Doper kan ons deurtrek na Openb. 14. Hier weerklank die heel eerste prediking van Johannes die Doper: "bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom". Matt. 3:2. Presies dieselfde preek die aankondiging van die eindoordeel. "*Bekeer julle*" word nou "*vrees God*". Met ander woorde in die eindtyd sal dit nie meer 'n vraag wees van 'n *verkeerde* godsdiens (bekering) nie, maar die *vrees* van God sal weg wees, godsdiensloosheid. By die laaste dinge sal dit gaan om 'n ontkenning van die eerste dinge. (Vergelyk ook 2 Petrus) die eerste artikel van die 12 artikels, naamlik 'n ontkenning van *die* skepping. Dit is die kenmerk van ons tyd dat juis die *skepping* aangetas word. Openb. 14:7 vgl. met Openb. 19:11 v.v. Die verskyning van Christus self in heerlijkheid: Hier het ons 'n duidelike punt in die boek Openbaring, 'n punt van die wederkoms van Christus wanneer Hyself sal verskyn. Die feit mag ons nie vergeestelik nie. Die wederkoms vorm by al die simboliek in die boek Openbaring 'n duidelike lyn wat deurloop.

3. Die samestelling van die boek Openbaring

Openbaringe is ryk aan simboliek. Dit is 'n kunswerk. Hoe meer mens jou verdiep in die boek, hoe meer bewonder jy die kuns-volle samestelling. Daar kom altyd nuwe gesigspunte na vore. Die boek is vol musiek, lofsange, van begin tot einde. Kyk na die skets wat in beeld die boek Openbaring voorstel.

Die bo-historiese lyn (vgl. boonste lyn) en die geskiedenis-lyn (vgl. onderste lyn) is die twee lyne wat ons by die Algemene Send-briewe gevind het. Die bo-historiese moenie saamloop met die historiese lyn nie. — Dit sou die bo-historiese en die historiese uittrek; (die *evolusionistiese* verklaring van die boek Openbaring). Ons mag ook nie die twee lyne los sien van mekaar nie. — Ons mag nie die koninkryk van God losmaak van die geskiedenis sodat die koms van die koninkryk net gesien word as 'n

eksistensialistiese *belewing* nie — ('n subjektiewe belewing van die ewige deur die tydelike mens wat in sy wese aangelê is op die ewige). Nee, dis twee lyne wat nooit saamval en ook nooit van mekaar geskeie staan nie. Dit om-skryf die ingrype van God in die geskiedenis. Aan die einde word die *teenstelling* tussen die goddelike en menslike, die hemel en die aarde, weggeneem in 'n harmoniese samelewing; geen integrasie, geen skeiding nie.

Voorbeeld ten opsigte van die tyd. Daar is 'n *nou* verband tussen die tyd en die geskiedenis. Die boonste lyn en die skets stel die ewige voor; die ewige gaan nooit in die tydelike (onderste lyn) op nie. Die tydelike word ook nooit opgeneem in die ewige nie.

Daar bestaan nie so iets dat die *tyd* ooit verdwyn nie. 'n Mens word nooit verhef uit die tydelike tot die bo-tydelike nie — dit sou neerkom op *vergoddeliking* van die mens.

Die harmoniese verbinding van die tydelike en ewige, hou vir die mens in dat hy *altyd* sal lewe en dat hy *tyd* sal hê. Dit beteken nie dat tyd opgehef word nie, maar dat die *verganklike* en die *tydelike* uit die tyd weggeneem sal wees. Vir die mens en die menslike belewing beteken dit ewige tyd. — Daar is geen teenstelling tussen tyd en ewigheid nie.

Openb. 8 en 10:6 sê daar sal geen *tyd* meer wees nie; die tyd van die einde is nou daar. Maar is dit nie juis 'n kenmerk van *hierdie* lewe dat 'n mens nie tyd het nie? Vir die mens sal die ewige lewe beteken dat hy tyd het; 'n tyd wat nooit eindig nie; die ewigheid waarin die mens sal lewe. Dit is net God wat bokant tyd verhef is; vir wie verlede, hede en toekoms alles voor Hom is. God is *bokant* die tyd; die mens is *in* die ruimte. Tyd en ruimte is geskape, en die mens is geskape in tyd en ruimte. Op die nuwe aarde sal hy ook mens bly, 'n wese wat lewe in tyd en ruimte, maar dan sal dit tyd wees *sonder tydelikheid*; die *verganklikheid* sal uit die tyd wees. Dit sal 'n ewige toekoms wees vir die mens waar die dood nie meer sal wees nie.

So kry ons die *harmonie* tussen ewigheid en tyd — geen sondige teenstelling nie en ook nooit vereenselwiging nie.

Skematiese konstruksie van gesigte

Die konstruksie van Openbaring bestaan uit hemelse gesigte. Johannes word in die gees opgehef na die hemelse vlak. Dan kry ons die kenmerkende van Openbaring: a. die hemelse gesigte (vertikale lyne); b. die sewe-talle — 7 briewe, 7 seëls, 7 basuine, 7 laaste plae.

Wat is die beheersende van die boek Openbaring? Dit is dat dit *beheersende* gesigte is. Die boek Openbaring begin met 'n hemelse gesig, en dit *beheers* die hele geskiedenis van die kerk in die beeld van die sewe gemeentes (Openb. 2 en 3).


Die troongesig en die gesig van die boekrol *beheers* die sewe seëls (Openb. 4 en 5).

Die gesig van die verseëlde en van die wierookbak wat uitgestort word, *beheers* die gedeelte wat begin met die basuine (Openb. 7 en 8:3–5). Daar is vyf tussengesigte:

1. Hoofstuk 10–11:14: twee getuies; geopende boekie.
2. Hoofstuk 11:15–19: geopende tempel.
3. Hoofstuk 12–13: verskyning van die drie diere.
4. Hoofstuk 14: 144 000; die graan- en wyoes.
5. Hoofstuk 15: see van glas.

Dan die 7 plae (Openb. 16). Dan die 5 laaste gesigte, wat eindig met die Nuwe Jerusalem (Openb. 17–22). Daar is die *teenstelling* — nie die *verskil* nie — tussen hemel en aarde, ewigheid en tyd, opgehef.

DIE BOEK OPENBARING



4. Die bo-historiese visie

Om die boek "Openbaring" reg te benader moet jy jou altyd stel op die boonste lyn (bo-historiese). Ons het die openbaring aangaande die geskiedenis. Die boek Openbaring laat ons diep insien in die geskiedenis; jy staan hoog. Jy sien die dinge wat op die aarde gebeur (seëls, basuine, plaë, ens.) van *bo*. Die boek Openbaring hef die gelowige op bokant die geskiedenis met sy rampe en node en ellendes. Daarom hoor ons bokant die klaagtone op aarde, die jubeltone van die geloof. Openbaring gee insig in die *sin* van die geskiedenis; dit wat die geskiedenis beweeg.

Die Skrif roep nie net om op te kyk van *onder na bo* nie (Jes. 40). — As dit die geval sou wees, sou ons kon aansluit by die eksistensialisme vir wie die kwaad en die tydelike juis nood-saaklik is om te kom tot die ewige; verheerliking van die nood en kwaad om die sterretjies daarbo te sien en die ewige in jou wakker te roep. — Nee, die Bybel roep ook op om van *bo na onder* te kyk — Romeine 8, 1 Petrus. Daarom is hierdie hemelse gesigte *beheersende* gesigte.

Openbaring laat ons nie net van *bo na onder* kyk nie, maar laat ons ook van die einde *terugkyk* na die *hede*. Ons bekijk nie net die geskiedenis uit die verlede, hede na die toekoms nie, maar Openbaring laat ook van die toekoms *terugkyk* na die begin. Slegs die *Bybel* maak dit moontlik.

5. Die hemelse gesigte en die gebeure op aarde

Die sewende brief bring ons by die einde (daarom dat die lyn deurloop; dit dek die hele geskiedenis tot by die einde). Spreker staan nie op die standpunt van die kerk-historiese verklaring van die boek Openbaring nie, maar hou wel vas aan die feit dat die sewe briewe die hele geskiedenis van die kerk openbaar.

In die sewende seël is begrepe die sewe basuine. Met ander woorde die sesde seël bring ons weer aan die einde: "berge val op ons, heuwels bedek ons (Openb. 6:16). Ons word dus telkens met 'n nuwe gesigspunt deur die geskiedenis heen geneem. (Dit is nie 'n geskiedbeskrywing van die toekoms nie). So gee Openbaring altyd dieper insig in die geskiedenis. Die sesde basuin loop ook weer deur tot die einde, want die sewende basuin bevat die sewe plaë.

Wat sê die gesig van die kandelaar?

Christus hou sy kerk vas! Deur alles wat mag, sal en wel gebeur, hou Christus sy kerk, die lig, vas. Let ook op hoe dikwels in die sewe briewe gesê word: "Hou vas wat julle het".

Per slot van rekening hou Christus ons vas en dit sluit natuurlik ons verantwoordelikheid om ook vas te hou, nie uit nie. Paulus sê: "... ek jaag daarna of' ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is" (Fil. 3:12). Die troos is dat die kerk nie kan ondergaan nie, want Christus hou sy kerk in stand.

6. Die verdeling van die sewe briewe

Die sewe briewe bestaan uit vier en drie. By die seëls en basuine is dit duidelik dat ons 'n indeling het van 4 en 3. Die 3 val uiteen in 2 en 1 (want die laaste een bevat weer die volgende reeks).

Die opmerklige is dat by die sewe plaë alles afloop, want dan is dit die einde, geen indeling nie.. Die indeling van die briewe is 2 — 3 — 2:

2 Efese en Smirna.

3 Pergamus, Thiatire, Sardis.

4 2 Filadelfia en Laodicea.

Die sentrum

Die *sentrum* van Openbaring is Openbaring 10 en 11 (die geopende boekie en die geopende tempel).

Twee dele

Openbaring kan in twee dele verdeel word: Voor hoofstuk 10 en hoofstuk 10—22.

Waarom die 2 – 3 – 2 verdeling van die sewe briewe?

Met Efese, is die groot teenstelling. "Efese, jy het jou eerste liefde verlaat" — dis die begin van alle *deformasie*. Uiterlik is alles nog reg, maar as jy *van bo* diep inkyk, soos Christus die Bruidegom kyk, 'sien jy dat die eerste liefde weg is. Dit is die begin van die assimilasie, die integrasie van die kerk in die wêreld.

Smirna — die groot teenstelling: *vervolging* van die kant van die wêreld. Jy kan alleen staande bly as jy bly by die eerste liefde, anders gaan die kandelaar verdwyn.

Die volgende drie gemeentes (Pergamus, Thiatire en Sardis) toon die ontwikkeling uit Efese plus Smirna.

Pergamus — hou nog vas aan die Naam van die Here, maar daar is ook die in die gemeente wat vashou aan die leer van Bileam (vgl. Judas), (naamlik die dwaalleraars).

Thiatire — 'n stap verder. Hulle laat al die dwaalleraars in die gemeente toe.

Sardis — uiterlik is daar nog lewe, maar innerlik dood. 'n Proses is aan die gang wat deurwerk tot by *Laodicea*, wanneer *die* tyd aan-greek het waarvan die toestand korrespondeer met die beskryf in 2 Petrus en Judas. Sonde en genade; Word "versoen"; asof die genade van God "lei" tot ongebondenheid. Dit is die tyd van die anti-chris. Maar voordat die valse kerk in die ware kerk realiseer, kry ons eers nog die beeld van *Filadelfia*, die getroues wat nog vashou aan die eerste liefde. Eenaardig dat die eerste afdwaling (Efese) deurwerk na Laodicea, en dat Smirna en Filadelfia getrou bly aan Christus. Dit tref dat Laodicea, die valse kerk, nog nie afgeskryf word nie, maar dat Christus aanklop en nog roep tot bekering. Dit wys ons ook op ons roeping teenoor die verste afgedwaaldes.

Enkele aspekte in die diskussie

Vrae van dr. K. S. van Wyk de Vries:

1. As die kerk gekom het vanweë koninkryksverwerping, kom daar dan ook 'n einde aan die kerk wanneer die koninkryk sy volheid ingaan?

2. Verhouding tyd en ewigheid: Die teenstelling word opgehef maar nie die verskil nie. Daar gaan van die geskapene niks verlore nie (en tog gaan daar son en maan en sterre verlore) anders sou God verloor.

Vrae van prof. B. Spoelstra:

1. Voer die parallelisme van die twee lyne (historiese en bo-historiese) nie tot 'n *dualisme* wat tot *deïsme* kan lei nie?

2. Is daar nie gevaar in die tyds- en ruimte-beskouing nie dat ons oor God ruimtelik gaan dink?

Antwoorde:

Ten opsigte van die Openbaringboek hoef mens nie verleë te voel as jy vasgevra word nie.

Tyd en ruimte: Die Bybel bring ons altyd voor 'n *misterie* waar dit die verhouding van God en mens, ewigheid en tyd, betref. Dit het positiewe waarde van die mens op 'n punt te bring waar hy nie meer kan verstaan nie.

Die mens het die gawe om hom te verhef bokant die sinlik waarneembare dinge. Toe Copernicus hom verhef het bokant die dinge wat hy sinlik waarneem, het hy baie probleme in die natuur opgelos (bv. die draai van die wêreldliggame).

Die mens moet hom verhef en die natuur dwing hom tot dit wat hy nie verstaan nie,

dit is: die eenheid van ruimte en tyd (Einstein). Dit hoef jou nie tot ongeloof te bring 'nie, maar tot" aanbidding: Die hele natuur verkondig God en die onbegryplikheid van God. (Ons is hier met onbegryplike dinge besig).

Beelde is gebrekkig. Die beeld van die twee lyne hou die gevaar van *dualisme* in. Daarom het ons gesê: die twee lyne kom tot 'n harmonie. Die teenstelling val weg tussen tyd en ewigheid. Maar harmonie is anders as identifikasie. Die mens bly 'n wese wat in tyd lewe, hy is geskape *in* die tyd. Die *tydelikheid* val uit die tyd weg. *Tyd* is nie *tydelikheid* nie. Tyd is 'n *opeenvolging* van momente, maar het nie noodwendig 'n einde nie.

God omvat ons met ons tyd. Daarom, volgens 'n ander beeld omvat God ons soos die buitelyn van die sirkel in die oneindigheid. Vir God is alles ewig hede. Ons bly binne die ewigheid 'n tydelike mens. Versoening van tyd en ewigheid is dat tyd vir ons ewig word.

Die *sonde* het die *tydelikheid* in tyd gebring. Na hierdie lewe word die mens nie alomteenwoordig nie — jy is aan 'n plek gebonde. Daar sal 'n "*hier*" wees en 'n "*daar*", 'n "*nou*" en 'n "*dan*".

Die ewigheid omvat dus die mens. *Tyd* word *altyd*, maar die goddelike *ewigheid* word nie. Daarom sê die Bybel: die mens is geskape om ewig te lewe en kan die mens hom nie versoen met 'n graf nie. Iemand het gesê dat die idee van die opgaan van die individu in 'n gemeenskap, is 'n kompensasie van die mens om hom te versoen met sy dood — dan word hy opgeneem in 'n mensheid, en dan is die mensheid 'n ewige ding.

Daarom val alle nadruk op die bewaking van die identiteit — Jesus gee ook na die dood die heerlike boodskap van die opstanding: "dit is Ekself" (Luk. 24:39). Die gelowige behou sy identiteit, tot in alle ewigheid.

Vraag oor ruimte:

God omvat ons ook met ons ruimte. Ons kan dit natuurkundig probeer duidelik maak. Tans word gepraat van 'n vierde dimensie. Ek kan maar net sê: God omvat ons, die hemel omvat ons aarde — vgl. die sirkel-voorstelling. Ek is met my ruimtelikheid binne die goddelike alomteenwoordigheid.

Die ruimtereise:

Sal die mens as mens so 'n punt bereik dat hy so 'n spoed ontwikkel dat hy terselfdertyd hier en *daar* is? Daar lê die verskil tussen tyd en ewigheid, ruimte en ewigheid. Sal die mens die spoed so vinnig kan laat ontwikkel dat hy die grens van tyd en ruimte kan oorskry en dat hy terselfdertyd nou hier en ook nou daar kan wees?

Die ruimtereise bewys dus dat die mens altyd aan tyd gebonde is, want hy sal nooit die snelheid kan ontwikkel om tegelykertyd op die aarde en op die maan te kan wees nie.

Vraag oor die kerk:

1 Petrus kom daarop neer: Christus het nooit die wêreld verwerp nie; maar Hy is deur die volk en die mensheid verwerp. So verteenwoordig die kerk die teenstelling wat die verkondiging van die Woord van God meebring. So gebruik God ook die verwerping, die negatiewe om die positiewe tot stand te bring. Daarom is die kerk die voortsetting van die ware mensheid, net soos hy die voortsetting is van die ware Israel.

DIE BOEK OPENBARING VANUIT DIE SENTRUM ³

Sentrum van boek Openbaring

Met Openbaring 10 en 11 staan ons in die *sentrum* van die boek; of: op 'n bergtop, want die *geskiedenis* van die *openbaring* het nou geword *openbaring* van die *geskiedenis*.

Hier voer die boek Openbaring ons op 'n hoë bergtop. Dis een van die voorregte dat die boek ons die dinge van *bo* laat sien, en *ver* laat sien oor die geskiedenis, van die begin na die einde; en ook diep laat sien in die geskiedenis en in die betekenis en sin van die geskiedenis.

As mens op hierdie hoogtepunt staan en rondkyk, dan is dit so dat die een sal sien wat die ander nie sien nie. Daarom magtig spreker hom glad nie aan dat hy alles presies reg sien nie. Spreker wil toehoorders laat sien wat hy sien van hierdie hoogtepunt (Openb. 10 en 11). Spreker gaan nie nou daarop in waarom hy sy standpunt hier inneem (by hfst. 10 en 11) nie. As ons hiervandaan kyk moet dit maar vir u duidelik word dat ons op die hoogste punt staan van die boek.

Hier, Openb. 10 en 11, is sprake van die *twee getuies*. Hulle word genoem die twee olyfbome en die twee kandelaars (hfst. 11:4). En nou laat die twee kandelaars die gedagte teruggaan na die *kandelaar-gesig* van die sewe gemeentes (Openb. 1—3).

1. Die kandelaargesig

Die *kandelaargesig* simboliseer die sewe gemeentes. Wat ons hier sien is dat Christus sy kerk vashou, want die sewe gemeentes simboliseer die hele kerkgeskiedenis, van Efese (die gemeente van die eerste liefde) tot Laodicea (die kerk in die laaste tyd). Dit laat die *strydende* kerk sien; dit laat ons die *deformasie* in al sy vorme sien — vanaf die gemeente van Efese, die eerste begin van die afdwaling. En waar begin die afdwaling van die bruidskerk, want dit is die bruidskerk? Daar waar sy haar *eerste liefde* verlaat het, waar Christus alleen kan sien, wat oë het soos vlammevuur; Hy sien die hart aan; Hy sien die heel begin van die afdwalinge. En daar waar die eerste verkoeling is van die liefde, sien Hy dit raak, en dit is die begin waar die pad uitmekaar gaan, en op die pad gaan dit van kwaad na erger, en dit eindig met die kerk in Laodicea — nog koud, nog warm; daar waar die valse kerk heeltemaal beslag gelê het op die kerk van Christus.

Al die vorme van deformatsie kom voor — *inwendige*: die *ver-leiding* van die kerk, en *uitwendige*: *bestryding* van die kerk (wat gesimboliseer word in Smirna en Filadelfia), *vervolging* wat die kerk deurgemaak het, veral in die eerste eeue, en later in die tyd van die Reformasie, *martelaarskap* — en aan die einde sal die tyd weer aanbreek.

Daar is dus inwendige (verleiding) en uitwendige (vervolging) bestryding van die kerk.

Nou is die troosryke dit om te weet: *ons* hou nie die kerk vas nie, ons dra nie die gewig van die kerk nie. Dit is die *eerste vergesig* wat ons kry hier vanuit hfst. 10 en 11: *Christus* hou sy kerk vas; en daarom sal die kerk bly tot die einde toe, en, iets wat mens dikwels vergeet is dat Christus ook nog die ster vashou in Laodicea, en dat Hy ook die mees afgedwaalde kerk, Laodicea, nog nie afgeskryf het nie. Ook daar hou Hy nog die kerk vas.

Die sewe-talle

In hoofstuk 10 lees ons ook van die sewende basuin. Dit bring ons by die sewe-talle. Daar is: die sewe gemeentes, die sewe seëls, die sewe basuine, die sewe laaste plae — dit is die dinge wat hier op die aarde geskied.

³ Derde (slot) voordrag gelewer voor die G.T.V. van Pretoria deur prof. W. J. Snyman op 26 en 27 Julie 1970. Die drie voordragte is op band opgeneem en word in geredigeerde vorm aangebied. Die leser moet hom dus verplaas na die gehoorsaal. Dis spreektaal en nie skryftaal. — P. W. Bingle.

Ons het met hierdie sewe-talle te doen met wat aanknoop by die troongesig van Openb. 4 — die sewe seëls, die sewe basuine, die sewe laaste plaë. Die troongesig moet ons veral in verband bring met die troongesig van *Esegiël* — die wiele binne in die wiele.

Die sewe seëls, basuine, laaste plaë lê nie langs mekaar nie, maar is in mekaar geweef. Dit is wiele binne-in wiele.

So: die sewende seël is die sewe basuine; (die sewe basuine kom voort uit die sewende seël); en die sewe laaste plaë kom weer voort uit die sewende basuin. Ons het dus hier te doen met wiele binne-in wiele.

2. Die sesde seël — "Wie sal bestaan?"

Dit bring die gedagte terug by die sesde seël — voordat die sewende seël oopgemaak word en die sewende basuin geblaas word. Die sesde seël het ons gebring by die eindgebeurtenisse, en dit is die eindgebeurtenisse wat nou van 'n ander kant besien word in die sewe basuine, en dan weer in die sewe laaste plaë. In die sesde basuin beluister ons die *kernvraag* van die hele geskiedenis, naamlik: "Wie sal bestaan?" — (Openb. 6:17).

Wanneer die oordele van God losgaan in die geskiedenis, dan bly die groot vraag: wie sal bestaan? Ons lees van die oorlog, die vrede wat weggeneem sal word, ons lees van die honger. Dit is daardie bestaansvraag, die vraag van die *eksistensie* wat altyd 'n dringende vraag in die geskiedenis word. Die kenmerk van ons tyd is juis die filosofie van die *bestaan*, die eksistensialisme. Daarin sien ons hoedat hierdie *bestaansvraag* met die ontwikkeling wat daar is, en met die groot beskawing, altyd dringender word.

Het die bestaansvraag vir ons nie nou dringend geword soos nooit te vore, nou dat die mens deurgedring het met sy wetenskap tot die kernkrag nie? Die vraag hier diep in die geskiedenis is die van die mens in sy bestaan en voortbestaan — die voortbestaan van die mensheid, die voortbestaan van die nasies.

Die vraag kom altyd skerper op ons af. Die jongste tyd met die vordering van die wetenskap en die verhoging van die wetenskap en die verhoging van die gemiddelde leeftyd, bring ons weer by 'n nuwe bestaansvraag, en dit is die groot vraag na die bevolkingsontploffing in die wêreld. Die vraag is nou nie meer: hoe moet ons die mens langer laat lewe nie, maar hoe moet ons die geboortes beperk.⁴ Die *dood* is nie meer die vraagstuk nie, die *lewe* word nou 'n vraagstuk. Die bestaansvraagstuk skuif altyd meer en meer in die sentrum van die geskiedenis. Die geskiedenis loop uit op die vraag na *eksistensie*.

Hier antwoord die boek Openbaring — die antwoord op die sesde seël is die sewende seël. Maar voordat die sewende seël oop-gemaak word, en die sewe basuine daaruit te voorskyn tree, om daardie plaë nog altyd in toenemende mate te laat te voorskyn tree op die aarde, en die bestaansvraag nog dringender te maak, dan is die antwoord op die sesde seël, op die bestaansvraag: *die verseëling*. So kry ons die gesig van die verseëlde wat nou die verdere verloop van die boek Openbaring beheers, en wat ons nie moet vergeet nie. En hier het ons die boek Openbaring so nodig vir die geskiedenis en vir die toekoms wat ons ingaan: om hoog te staan en om oor die geskiedenis te kyk, en te weet: hier is die antwoord op die bestaansvraag — die *verseëling*. Die verseëlde — die wat geglo het, en die wat gedoop is.

⁴ Voetnota deur slc bygevoeg: dit is jammer om te sien dat dit hier blyk of prof. Snyman ook geval het vir die liberale 'bevolkingsontploffing' propaganda van daardie jare (sien *In die Skriflig*, Jg.7, nr.25, Maart 1973, bl.31). Ironies genoeg blyk dit dat net die Afrikaners geluister het na hierdie propaganda, en nie die ander volke nie. Die res is geskiedenis (die kerk van Christus se getalle onder die Afrikaners wat radikaal daal, en die Afrikaner wat nie meer 'n vrye volk onder Christus is nie). Ek bevel eerder prof. Snyman se ander skrywe hieroor aan, 'Die Vrug van die Land', waar hy o.a. skryf: "Die Kerk is ook moeder van die gelowiges daarin, dat in haar skoot kindertjies gebore word vir die ewige lewe. As die geboortesyfer daal, dan is dit die begin van die einde. Daardeer het die koninkryke verdwyn." (sien die Pro Regno uitgawe, 'Die Kinderseën', hier: <http://wp.me/pM9VW-5E>)

Waar bring die geskiedenis ons?

Die geskiedenis het ons in die eerste plek gebring by Christus wat dwarsdeur die geskiedenis met alles wat gebeur, die onveranderlike is, sy kerk vashou en instandhou dwarsdeur die geskiedenis tot aan die einde toe — een van die dinge wat nie sal verdwyn van die aarde nie.

Hier is hulle weer as *gedooptes* en *gelowiges*. Dis die plek wat die *verbond* (doop) inneem. Die N.T. Godsopenbaring begin met die Doper. Dit open die geskiedenis van die N.T. — Johannes die Doper, die verseëlaar. En hy doop die wat glo. Met ander woorde die behoud, die antwoord op die voortbestaan is: "glo en laat julle gedoop word". Dit is die besondere plek van *Matt. 28:19*: "Gaan heen na alle nasies... en doop hulle..." Die doop wat bedien word in die kerk is fundamenteel in die geskiedenis.

Sien die doop as die antwoord op die bestaansvraag — die gedooptes is die verseëlde wat sal bestaan tot in alle ewigheid.

Markus 16:16: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom, want die vraag waarop die doop antwoord gee is die vraag van die ganse mensdom, die bestaansvraag wat altyd dringender word.

Ons sien hoedat hierdie bestaansvraag altyd meer en meer opdring as die kernvraag van die geskiedenis.

"En hy wat glo en hom laat doop sal gered word, maar hy wat nie glo nie sal veroordeel word."

So het Johannes die hele geskiedenisvraagstuk saamgevat by die verkondiging van die koninkryk van God.

Die verseëlde (Openb. 7) die *sê*: *nasies* sal bestaan, want Johannes sien in die visioen die verseëlde uit Israel; en in die tweede deel van hoofstuk 7 sien hy die verseëlde uit alle volke, tale en nasies.

Dis *nie individuele gelowiges* wat gered word nie; dis *nie die gelowiges wat losgemaak* word uit die nasies om gered te word nie, en die nasies maar te laat verdwyn nie (soos ons vandag hoor dat nasies moet verdwyn, en dat ons een egalige, eenvormige nasielose mensheid kry nie — om te kan bestaan. Want, *sê* hulle, die nasies en die verskille tussen nasies is juis die ondergang van die mensdom). Daarom is die wêreld so ontevrede met ons — omdat ons vashou aan die nasiegedagte en die *volkere-verseidenheid* nie wil prysgee vir 'n eenheids-mensheid nie. Hulle *sê* ons is besig om die graf te graawe van die mensdom, want waar nasies is kry jy oorloë — dit is egter so vanweë die *sonde* en nie omdat daar *nasies* is nie. Openb. 11 praat ook van die *toorn* van die nasies.

Die hele geskiedenis is vol van nasies wat vir mekaar kwaad is, en vir mekaar skreeu, en mekaar wegwens van die aarde af. Dan staan in Openb. 11 — nou is die tyd van die toorn van die nasies verby, nou is die tyd van die toorn van God oor die nasies wat rekenskap moet gee. Wie sal bestaan? Volkere!

'n Mens verdwyn nie in 'n onsterflike nasie nie, en nasies verdwyn ook nie en leef ook nie voort in 'n onsterflike *mensheid* nie. Dan maak ons van 'n nasie en mensheid 'n abstraksie; 'n mensheid en nasies wat ewig is en waarin die individue maar kan wegsterwe.

Hier werp Openbaring 'n baie belangrike lig: dis *nie die individue* wat onsterflik is in die *nasie* nie, maar dis die *nasie* wat onsterflik is in die *individue* — en dan nie in *al* sy individuele nie; 'n nasie is onsterflik in sy *gelowiges*. Dit is die hele *verbondsleer*;

— dis *nie* maar *individue* wat gered word nie maar *huisgesinne*; en as ons eers *sê*: "julle en julle kinders", dan *sê* ons ook nasie/volk dis maar net 'n *uitgebreide huisgesin*. Met ander woorde die historiese lyn, die lyn van die geskiedenis, word deur die verbond opgeneem, en die verlossing geld die mensheid in sy pragtige verskeidenheid — ons

moet dit bewonder — van volke, stamme, nasies. Hy word konkreet gered in sy gelowiges. Dis die *ongelowiges* wat uitgeroei sal word uit die nasies, het Johannes die Doper gesê.

Die gelowiges verteenwoordig die nasies. In die gelowiges sal die volkere bestaan ook op die *nuwe aarde* — daar sal die verskeidenheid voortbestaan; daar sal nie eendersheid wees nie. As ons op pad is na die toekomstige koninkryk van God, dan is ons roeping beslis nie om dit voor te berei deur "mure af te breek" nie, deur die verskeidenheid uit te wis nie. Die koninkryk bestaan uit 'n veelkleurige mensheid.

3. Die sewende basuin — tyd

'n *Derde gesigspunt*. As die sewende basuin opgeneem word (Openb. 10), dan hoor ons dat die einde aangekondig word, want in hierdie sewende basuin is opgesluit die sewe seëls. As die sewende basuin geblaas word (Openb. 11:19) gaan die tempel oop, die hemelse heiligdom.

Uit die geopende tempel (Openb. 15:5–8) met die sewende basuin, kom die sewe engele met die sewe laaste plaë waardeur die oordele van God volbring sal word.

Daarom hoor ons hier as die sewende basuin geblaas het, van die nasies wat vertoornd was — dit was die geskiedenis tot hiertoe, maar nou het die tyd van die toorn van God gekom oor die nasies.

Die aankondiging is: die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword. Die tyd van die koms van die koninkryk is nou daar.

Die koninkryke van die wêreld — die aarde is die eiendom van die Here. Die koninkryke van die wêreld is aan Christus aangebied deur Satan op die berg van versoeking, maar Hy het dit van die hand gewys — nie omdat die koninkryke van die wêreld nie syne is nie, maar omdat Hy dit nie van Satan sal *ontvang* as 'n geskenk nie.

Nee — Hy sal dit van Satan *neem*. Satan wou Christus van die kruis verlos, en Hom die koninkryke van die wêreld present gee.

Christus het die versoeking weerstaan — nie omdat Hy die koninkryke nie wil hê nie — die koninkryk van die hemele omvat die wêreld; Christus sal ewiglik heers hier op die aarde.

Die koninkryk wat al gekom het, sal naderhand die hele aarde vervul en die koninkryke van die wêreld sal syne wees.

Tyd

In Openb. 10:6 hoor ons nou dat daar geen tyd meer sal wees nie. Ons moenie verkeerd lees, naamlik dat die tyd nou sal verdwyn en die ewigheid nou sal begin nie — dan mis ons die krag van hierdie woord.

Nee, die sewende basuin dui die einde aan, en sê vir ons daar sal nie meer tyd wees nie; die tyd is verby (vol); die dag van die Here is nou baie naby, hy is nou onmiddellik daar, en dit is die onmiddellike oproep van die basuin.

Beluister die rampe nie net as rampe nie, beluister dit as *basuine* wat altyd harder en harder blaas namate die einde naderkom en die tyd korter word. As die sewende basuin blaas, dan is die basuinstote so hard dat daar staan: die tyd is nou verby.

Iemand het van die tyd dit gesê: Die mens skuil agter die tyd. (Dis 'n Griekse idee dat tyd vervang moet word met ewigheid. Dit sou beteken vergoddeliking van die mens. Tyd is 'n vorm waarin die mens geskape is om te lewe net soos ruimte). Die tyd is nie die ellende waarin ons sit nie; wat weggeneem word, is die *verganklikheid* uit die tyd, die *tydelikheid* van die tyd. Vir die mens sal die ewigheid wees: *tyd wat nooit ophou nie*.

Een van die heerlike aspekte van die ewige lewe sal wees dat die mens dan *tyd* sal hê. *Altyd!* 'n Tyd wat nooit sal eindig nie.

Die mens maak van tyd 'n *skuiling* — die vreeslike *nog nie*. Ons hoor die spotters in 2

Petrus — "dis nou al so lank, God verdraag die dag van sy belofte, dis nou al so lank, waar is die dag van sy wederkoms?"

So skuil die mens agter die tyd — nog nie — om gestel te word voor God se aangesig.

Ons staan elke oomblik van ons lewe voor die ewige God; ons skuil maar net agter die tyd.

Dit geld ook met betrekking tot die *wederkoms* van Christus waarvan ons die dag en uur nie weet nie. Ons moenie aan die wederkoms dink as iets wat ver is nie — wie gee ons die reg om dit te sê? Die Here Jesus het gesê die dag en uur weet niemand nie. Die gelowige moet so ingestel wees dat dit enige oomblik kan wees. Dit kan enige oomblik wees, soos die weerlig — juis wanneer dit nie verwag word nie.

Dit beteken dat elke *nou* vir ons die einde inhou. Dit is nie die verkeerde van die *nuwere teologie*, naamlik die *eksistensialisme* wat alle nadruk lê op *nou*, dat ons *nou* in beslissing staan voor God. Die eksistensialisme veroppervlakkig die vraag na die bestaan. Nou moet die gelowige nie die vraag na die eksistensie weggooi nie, maar dit juis *verdiep*.

Die tyd is nie maar naby en altyd naby nie. Openbaring leer ons dat die tyd is ook *naderend*. Die einde *kom* altyd nader, en met die sewende basuin is dit sover dat hy onmiddellik voor die deur staan — ons hoor die dreuning, die sewe donderslae.

So hoor ons hier duidelik die dreuning van die tyd van die einde wat kom. Die einde is dus nie maar net elke oomblik vir ons daar en *naby* nie, tyd is ook *naderend*.

As by die sewende basuin staan dat daar nie meer *tyd* sal wees nie, beteken dit: die tyd, die hede van die genade, die dag om tot die geloof te kom, is verby. Daarom is die *sin van die geskiedenis* om tot die geloof in die komende Christus te kom en te bring.

By die sewende plaag lees ons dan: *dit is verby*.

Hoe lank nog?

Die sewende basuin bring ons ook by die vyfde seël, by die vraag: *Hoe lank nog?* En dan hoor diegene wat hulle lewe vir Christus gegee het, die martelare: nog 'n klein tydjie — totdat die ander martelare, die van die eindtyd ook ingesamel is.

Die gebede van die heiliges bring ons by die gesig van die *wierookbak* wat met reukwerk omgekeer word — dit is die gebede van die heiliges; dit is by die verskyning van basuine.

Wat sien ons hier aangaande die geskiedenis? Die sewe basuine, wat inhou die sewe laaste plaë, is antwoord op die gebede van die heiliges. Wat beweeg die geskiedenis? Die geskiedenis word beheer ook deur die gebede van die heiliges. Daarom ook die gestalte van *Elia* wat met die gebed groot kragte tot stand gebring het. En ons dink hier aan die laaste gebed waarmee die boek Openbaring, waar-mee die Bybel eindig: dit is die gebed van die Gees en van die Bruid wat roep: "Kom Here Jesus". En dan antwoord die Here Jesus:

"Ja, Ek kom haastig".

Die koninkryk van God word afgebid. Die gebed is 'n krag in die geskiedenis. Dis die gebede van die heiliges wat die koninkryk laat kom, en dit hoor ons in die koninkryksgebed: "laat u koninkryk kom".

4. Die twee getuies

'n *Vierde gesig* wat oopgaan in die geskiedenis is die van die *twee getuies*, hier in die sentrum van die boek Openbaring.

Dit dui die plek aan van die *Woordverkondiging* in die geskiedenis. Die toekoms van hierdie wêreld word nie beslis in die raadsale van die wêreld nie. Nie in die raadsale van die V.V.O. ens. nie. Nie dat hulle van geen betekenis is nie — die owerhede is geroepe — nie om die kwaad op te los nie; die kwaad sal nooit uitgeroei word deur die regering nie,

dis ook nie hulle funksie nie — hulle kan wel die kwaad teëhou.

Ons is nie passiviste nie maar ook nie militariste nie, nie oorlogsugtig nie; ons moet alles doen om die kwaad te keer. (Ons weet ons kan die dood nie keer van geen mens nie, en tog, as jy siek is roep jy 'n dokter in.) Jy moet gebruik maak van die middele om die kwaad te keer, al weet jy die oplossing is die koms van die koninkryk.

Laat ons dit onthou die toekoms van die mensdom word beslis in binnekamers, deur die ware gebede van die gelowiges. Die gebed is die beslissende krag vir die koms van die koninkryk. "Die gebed van die regverdige het groot krag" (Jakobus 5:16).

En dan word dit beslis in die verkondiging van die Woord. Op watter wyse is die Woord beslissend in die geskiedenis? Dit is deurdat die verkondiging van die Woord *die teenstelling oproep*. En die verkondigde Woord dui nie net op die predikante nie, maar die verkondigde Woord wat *uitgelewe* word. En as die Woord verkondig word, en ons as gelowiges is vrugbare akkers wat die Woord ontvang en uitlewe hier in die wêreld, moet nie dink dat u daardeur gelydelik die koninkryk van God realiseer hier op die wêreld nie. Dis nie so dat die kerk die koninkryk laat kom nie, en meewerk aan die koms van die koninkryk nie — dit sal nie geleidelik deurwerk totdat die hele wêreld naderhand gehoorsaam is en hulle onderwerp aan Christus nie; dit sal ook nie gebeur dat die Christelike beginsels gelydelik sal deurwerk nie.

— Daar is die gelykenis enersyds van die *suurdeeg*, die langsame deurwerking, maar andersyds is daar ook die gelykenis van die *onkruid* in die akker. As die saad van die koninkryk gesaai word dan is die teenstander daar, en dan saai hy sy saad ook.

Die verkondiging van die Woord roep die *teenstelling* op; Die *inisiatief* lê nie by die *teenstand* nie, maar by die *kerk* — *positief*: die verkondiging van die Woord van die waarheid, die uitlewing van die waarheid. Dit het die uitwerking in hierdie wêreld dat Satan lewendig word en wakker is. Satan kan rustig gehou word, deur die Woord nie uit te lewe nie, en nie jou beginsels uit te lewe nie. Dan kan ons vrede hê — vrede met Satan; dan oorwin Satan.

Maar leef ons die Woord uit, dan kom die *teenstelling*, dan kom Babel na vore, die anti-christelike magte. Op die wyse roep die kerk dan die uiteindelijke teenstelling op deur die Woord, naamlik daar-die teenstelling wat eindig met die antwoord van Christus — en dit is met sy wederkoms om die gelowiges te kom verlos. So is die kerk aktief besig in die geskiedenis.

Dr. A. Kuyper (Ensiklopedie) het dit al gestel hoe 'n sentrale plek die kerk inneem in die geskiedenis, naamlik: "Christus en die kerk is die spil waarom die geskiedenis draai".

Maar die kerk is meer as die spil waarom die geskiedenis draai — die kerk *maak* geskiedenis, en doen dit deur die suiwere verkondiging van die Woord van God en deur die uitlewing van Christelike beginsels.

Wat is die *resultaat* van die verkondiging van die twee getuies? Hulle oorwin nie — hulle *word oorwin*, hulle word doodgemaak. Dis dieselfde weg as wat Christus gegaan het, en die profete.

Daar is maar een weg vir die koms van die koninkryk, naamlik: deur die dood heen. Maar ons glo in die opstanding uit die dood — en hier is die uiteindelijke oorwinning van die kerk, naamlik met die wederkoms van Christus. Dit word pragtig beskryf in Openb. 12:10, 11.

Die kerk kan sterf, maar hy verloor nie — die twee getuies word opgewek net soos Christus opgewek is, en dit bring ons dan by die wederkoms.

5. Onheilige Drie-eenheid 'n Blik na vore.

Wat is die teenstelling wat opgeroep word? Die beskrywing kry ons in die volgende gesigte, hfst. 12 en 13. Dis die antitese, die *onheilige Drie-eenheid*. In Openb. 12 en 13 kry ons 'n vergesig — tot aan die *begin* van die geskiedenis van die mensheid en tot aan

die *einde*, waar die gestalte van die vrou die maan onder haar voete het. Haar (die kerk) voetstap (en nie die Amerikaners s'n) staan eerste op die maan, met die sterre in haar regterhand. Sy gee geboorte aan die Kindjie, en die Draak staan gereed om die Kindjie dood te maak — die *hele geskiedenis*, van die Paradys af, Adam en Eva, die poging van die slangesaad om die vrouesaad te vernietig, dwarsdeur die 0,T" wat saamtrek in die koms van Christus as die Kindjie gebore word — Herodes wat die Kindjie wil doodmaak, en dwarsdeur die geskiedenis tot die einde toe is Satan besig om die vrou te vervolg wat geboorte gegee het aan die Kindjie.

Die verskyning van die anti-chris, die bees van die aarde - die inkarnasie van Satan; dan die onheilige Gees, die profeet uit die aarde met die nabootsing van die kerk — ook verkondiging van die Woord, beslaglegging op die kommunikasiemedia. Hy het 'n groot mond — Openb. 13 — en laat die mense naderhand die leuen glo. Hy het ook tugmaatreëls — boikot. Die wat nie die bees aanbid nie, en nie die merkteken van die bees dra nie, die sal nie deel hê aan die tafel van die wêreld nie.

Dit is die groot teenstelling van die wêreld — die *anti-chris*, met die valse profeet; die *anti-kerk*, met presiese nabootsing, ook met sy sakramente, ook met sy doop, sy merkteken. Sy getal is 666. 'n Pragtige beskrywing van die getal is: *die Christendom sonder Christus*, 'n Christelike beskawing wat sy afkoms vergeet het, wat nog net die *naam* van die Christendom dra as 'n uiterlike vernis. In so baie opsigte dink mens hier aan die Christelike Westerse beskawing. Is dit nog 'n Christendom nog met Christus, of is dit 'n Christendom sonder Christus?

Die getal 666 simboliseer die *integrasie-Christendom*; die integrasie van die koninkryk van God in hierdie geskiedenis in hierdie wêreld, en die realisering van die koninkryk van God deur die mens self, deur sy wetenskap, beskawing, ontwikkeling. Vir hierdie nuwe eenheidswordende wêreld, 'n eenheids-mensheid dus, naamlik Babel. Babel is die stad wat dwarsdeur die geskiedenis gebou word, maar hy is 666, hy haal die sewetal nie, haal nie die hemel nie. Daar kom spraakverwarring, selfvernietiging, chaos.

Dan volg die wonderlike van die boek Openbaring na die valse profeet, waaroor ons tog nie moet *dogmatiseer* nie, want die boek Openbaring is 'n openbaring van die geskiedenis, maar die geskiedenis is ook weer 'n uitlegging van die boek Openbaring.

In hierdie vorm is dit vir ons gegee wat in die toekoms sal gebeur. En nou is die wonder ook dit dat ons hier nie alleen openbaring aangaande die geskiedenis het nie, maar namate die boek Openbaring in vervulling gaan, na die mate word die geskiedenis ook vir ons duideliker, en omgekeerd. *Openbaring maak die geskiedenis duidelik en geskiedenis maak Openbaring duidelik.*

6. Die duisendjarige ryk (Openbaring 20)

Eksegeties meen ons uit te maak dat hierdie duisend jaar val saam *tussen die eerste en tweede koms* van Christus. Daarmee wil ons nie beweer dat alle moeilikhede opgelos is nie. In alle geval moet ons daarvan *geen dogma* maak nie. Daar is probleme, die geskiedenis sal dit vir ons oplos. Dit mag wees dat ons hier te doen het met simboliek of 'n toekomstige stuk geskiedenis. Die getal 1000 sal *simbolies* wees.

Een probleem is dat die valse profeet en die anti-chris word in die poel van vuur gewerp, en nou net die eenvoudige woorde: en dan word die oordeel ook voltrek oor Satan en dan word hy ook gewerp waar die valse profeet en die anti-chris alreeds is. Nou is die vraag: hoe lank was hulle daar?, want dit het gebeur nadat verhaal word van die duisendjarige ryk.

Ons kan die probleem miskien oplos deur te sê: dit is baie kort daarna, of dit is na 'n duisendjarige ryk.

Ons sien wel hoe die pad anderkant (die bos) uitkom, die vergesig; hoedat die pad oral deur die bome loop, dit weet ons nie presies nie. Laat ons die vertroude hê dat as ons die pad volg, dan sal ons die pad kry, ook deur die bome al kan ons hom nie ver vooruit sien nie. Die geskiedenis sal vir ons duidelik maak wat ons nie nou verstaan nie.

7. Die eindgesig – die Nuwe Jerusalem

Teenoor die Babel wat uit die aarde opgebou is, daal die Nuwe Jerusalem van God neer op die aarde met die verlostes.

Ons uiteindelijke bestemming lê nie in die hemel nie, maar op die nuwe aarde, die aarde wat vernuut is. Die aarde is 'n erfenis, en die kinders van God sal 'n geseënde aardryk beërwe. Die kinders van God sal in ruimte lewe; hulle sal nie bo ruimte verhewe wees nie; hulle sal nie alomteenwoordig wees nie; daar sal plek en plek wees; daar sal tyd wees wat nooit ophou nie.

Alles wat natuur is sal *herskape* word en op die nuwe aarde bestaan, Daarom sal daar plante en diere wees. Maar dit sal nie hierdie lewe se identiese diere en plante wees nie. Alleen *mense* behou hulle identiteit, want van die geskapene besit alleen die mens onsterflikheid en behoue identiteit.

Die Nuwe Jerusalem wat neerdaal uit die hemel met al die gelowiges vanaf die eerste Adam, almal wat heengegaan het — daaraan moet ons vashou; mens verloor jou *identiteit* nooit. Die dood is nie iets wat identiteit vernietig nie — dis wat ons *opstandings-geloof* vir ons sê.

Al roep die ongelowiges by die verskyning van Christus: "Heuwels bedek ons, berge val op ons", wanneer daar nie meer 'n skuiling is nie — dan weier die berge en heuwels, omdat *identiteit* nie vernietig kan word nie; God het die mens geskape om ewig te lewe. Dis 'n *ontvang*e ewigheid, nie iets wat hy in homself besit nie; hy het dit as 'n skepsel ontvang, hy is bestem vir die ewigheid. Dis ook die antwoord van die Bybel — die behoud van identiteit. Dit is die betekenis van daardie groot woord van Christus met sy opstanding, nl. "*Dit is Ekself*" (Lukas 24:39). So ook met die gelowiges. Die *toekomsverwagting* van die kerk, is 'n toekoms waarin die *verlede* en die *hede* terugkeer. Dis nie 'n eindelose lyn wat agterlaat wat agter is nie — dit is die verfoeilike *evolusie-leer*: 'n toekoms sonder 'n verlede. Die evolusie leer ons om die verlede te los; die verlede is begrawe in miljoene en miljoene jare vir ewig; die *hede* beteken niks; die *hede* is maar net oorgaan van die verbygaande verlede na die komende toekoms; die lewe is weg, want die hede is weg, en die betekenis van die hede is weg.

Dis 'n gejaag en 'n uitgestrektheid na 'n toekoms wat nog nie bestaan nie; 'n gryp na 'n murasie.

Hier is ons Christelike geloof: 'n verlede en 'n hede wat terugkeer in die toekoms. Dit is die heerlike van ons verwagting, en daarom is dit wat weg is nie weg nie — dit kom weer. Vir die gelowiges 'n heerlike vooruitsig!